

# Salige Edward Poppe

## 10 Junie

(1880—1924)

Hierdie beminde *'Priester Poppe'* soos hy in Vlaandere bekend staan, is in die stadjie Temse gebore. Sy vader was 'n bakker en hy het in 'n gesin van elf kinders groot geword. Hy studeer aan die Universiteit van Leuven en word in Gent tot priester gewy. Hy word 'n model parogiepriester met 'n diep liefde vir die Eucharistie en die Here se Liggaamlike Teenwoordigheid in die Allerheiligste Sakrament. Hy bring ure voor die tabernakel deur en was veral besorg oor die armes en behoeftiges. Hy skryf maklik leesbare boeke oor die geloof en word 'n charismatiese leiersfiguur in die Eucharistiese Kruistog-beweging wat destyds tot 'n groot oplewing In die Kerk in Vlaandere gelei het. Hy beskou dit as sy besonderse apostolaat om priesters te help om die beste priesters moontlik te word. Hy was geestelike begeleier van die seminariste op Leopoldsburg en geestelike vader van 'n susterklooster by Moerzeke waar hy dan ook sterf. Die kapel wat daar oor sy graf opgerig is, ontwikkel gou tot 'n belangrike bedevaartsoord. Hy was lief om te sê: *"Ek sterf liewerste as om God maar half te dien!"*

© Die Oratorium Uitgewery